NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

blitspos

Jaargang 12 – Uitgawe 9

4 April 2019

Predikante (gemeenteleiers) wat nie studeer nie, is nie bekeer nie

Die predikant wat nie studeer nie, is nie bekeer nie! **Hierdie uitdrukking is skynbaar van tyd tot tyd deur prof Van Selms gebruik om teoloë aan te moedig om deurgaans te studeer.**

Dit het my op 'n manier altyd skuldig laat voel. Nog 'n uitdrukking wat fassineer, is die woorde: *Kennis is mag!* In 'n magsbehepte wêreld met soveel magsmisbruik, is dit dalk nie die beste motivering om meer kennis te verwerf nie.

Wanneer kennis aan bemagtiging gekoppel word, word dit 'n totaal ander saak. Daar lê vir my iets meer edel in die konsep van bemagtiging opgesluit. Om jouself te bemagtig, is 'n strewe om sekere vaardighede te bemeester. Om ander te bemagtig, help hulle om bepaalde vaardighede te bemeester – gewoonlik 'n wen-wen-situasie tot voordeel van die groter bestel.

Die veronderstelling is dat predikante (en gemeenteleiers) gedurig sal studeer om hul teologiese kennis te slyp en hulself met bedieningsvaardighede te bemagtig. Hierdie beginsel is vir die Kerk baie belangrik en word tydens elke Algemene Kerkvergadering herbeklemtoon. Met die inwerkingstelling van die konsep van Voortgesette Bedieningsopleiding (VBO), het die Kerk besluit om bepaalde VBO-krediete aan die jaarlikse toerusting van predikante te koppel. Daar word van predikante verwag om 50 VBO-krediete per jaar te verwerf, en ons maak die proses so maklik moontlik. Die jaarlikse VTT (Voortgesette Teologiese Toerusting) beteken 30 VBO-krediete, terwyl 'n byeenkoms van 'n ringskomitee vir predikante waar 'n teologiese onderwerp gewoonlik bespreek word, 5 VBO-krediete werd is. En siedaar! – 50 VBO-krediete wat in die gewone verloop van 'n jaar verwerf kan word.

Die VTT en toerusting van predikante het in die loop van die jare sinoniem geword. Die afgelope paar jaar is die VTT dan ook in streeksverband aangebied. Daar is tans 10 sulke streke geïdentifiseer, en die terugvoer bevestig dat groter kollegialiteit in kleiner verband bereik word. Ons het ook verlede jaar positiewe terugvoer gekry oor die boek van Peter Scazzero, *The emotionally healthy leader*. Vanjaar kom die volgende hoofstukke van Scazzero aan die orde, wat 'n praktiese toepassing van die beginsels van die eerste hoofstukke gaan wees.

Nog opwindende gebeure wat in 2018 begin is, is die VTK (Voortgesette Toerusting Kerkraad). Hierdie toerusting bied basies dieselfde inhoud as die VTT vir predikante. Gemeenteleiers en predikante het nou die geleentheid om gedeelde kennis op te doen – iets wat net heilsaam vir gemeentes kan wees. In sekere streke verlede jaar is meer as een VTK-geleentheid in verskillende dorpe aangebied. Dit demonstreer die behoefte aan toerusting in die Kerk.

Bekeerde predikante en gemeenteleiers – gebruik vanjaar die geleentheid om op elke moontlike manier te studeer, leergeleenthede te ontgin en julself toenemend in diens van God te bemagtig.

Ds Erika Ferreira van Bellville ervaar die VTT só: *Ek is besonder bevoorreg dat ons jaarlikse VTT plaasvind in pragtige Swellendam. Die pragtige omgewing leen hom veral tot diep teologiese gesprekke, kampvuurstories en vroegoggend-koffiegeselsies met my kollegas. Dis 'n kans om op meer as een manier pitkos vir die bediening te kry. Ek loop dit nie mis nie!*

Dr André Ungerer

*** Die program vir vanjaar se VTT- en VTK-byeenkomste verskyn op bladsy 4, by Toerusting.

Teken in op blitspos
Stuur 'n e-pos na karen@nhk.co.za

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Indien u nie weer blitspos wil ontvang nie, stuur 'n e-pos na karen@nhk.co.za

Ds Leanie en Edu Lemmer

Vier geslagte van FB Sneygans

Prof Wim Dreyer

Ds Kristy Claassen

Prof Adriaan Neele

Ds Petri van Rooyen

Lief en leed

- **Ds Leanie (Oberholzer) Lemmer** is op 17 November verlede jaar, êrens tussen bloedig warm en ’n magtige wolkbreuk, met Edu Lemmer in die huwelik bevestig. Leanie sê: *’n Mooier dag sou ons nie kon opdroom nie!*

- Baie geluk aan **ds Peet en Sonja Esterhuizen** van Wonderboom met die geboorte van hul tweede kleinseun, Aiden Edward Buckle, op Maandag 1 April om 10:28. Hy het 3,35 kg geweeg en is 52 cm lank.

- **Ds FB Sneygans (Bernie)** van Hartebeestpoort het Sondag 31 Maart sy kleinseun gedoop. Op die foto is vier geslagte van Frank Bernhard Sneygans teenwoordig met die doop van klein Bernie. Van links na regs: FB Sneygans (Frank), ds FB Sneygans (Bernie); FB Sneygans (Bernhard); en FB Sneygans (Bernie). Baie geluk!

- **Dr Wim Dreyer** is bevorder tot **medeprofessor** in die Departement Historiese en Sistematiese Teologie. Bevordering by die Universiteit van Pretoria word deur die senior aanstellingskomitee van UP goedgekeur wanneer bevind word dat die gepubliseerde wetenskaplike bydrae van ’n betrokke dosent op ’n baie hoë standaard is en dat die betrokke dosent se navorsing nasionaal en internasionaal deur ander navorsers aangehaal en erken word. Baie geluk!

- **Die volgende predikante verjaar tot 12 April, en word hartlik geluk gewens:**

  - Donderdag 4 April: Prop AS (Armandt) Botha (beroepafwagtend) en ds GS (Stephan) Botha (Groot Marico)
  - Vrydag 5 April: Dr T (Tanya) van Wyk (UP)
  - Saterdag 6 April: Ds TH (Theo) Janse van Nieuwenhuizen (emeritus/Witfield)
  - Sondag 7 April: Di C (Corné) Lemmens (siekte-emeritaat) en FJ (Frans) Redelinghuys (Sasolburg)
  - Maandag 8 April: Ds M (Marius) Bacon (emeritus)
  - Woensdag 10 April: Di A (Annettte) Potgieter (Rustenburg-Tuine) en SW (Schalk) Zastron (Goudveld)
  - Donderdag 11 April: Ds G van R (Gys) Els (emeritus)
  - Vrydag 12 April: Ds JP (Paul) Janse van Rensburg (emeritus)

Gemeentes en bediening

- **Ds BM (Buddie) Dupper** (emeritus) het ’n beroep ontvang na Pongola (benoeming).

- **Prof E (Ernest) van Eck** (UP) het ’n beroep ontvang na Verwoerdburg (benoeming). Hy het die beroep aanvaar.

- **Ds K (Kristy) Claassen** se aansoek om vanaf September 2019 in te skryf vir ’n meestersgraad in die Filosofie en Tegniek aan die Universiteit van Twente in Nederland is deur die Kommissie van die AKV goedgekeur. Sy behou haar ampsvoorreg, en haar status word dan gewysig na studerend.

- **Prof AC (Adriaan) Neele** is op 16 Januarie 2019 losgemaak van Gemeente Bloemfontein. Hy het verhuis na New Jersey in die VSA.

- **Ds CJ (CJ) van Wyk** is op 28 Februarie 2019 losgemaak van Gemeente Randburg, met behoud van ampsvoorreg. Hy is nou beroepafwagtend.

- **Ds LS (Lammert) van Rooyen** is op 31 Desember 2018 met behoud van ampsvoorreg losgemaak van Gemeente Leeudoringstad. Hy is nou beroepafwagtend.

- **Ds PH (Petri) van Rooyen** is op 10 Maart 2019 met behoud van ampsvoorreg losgemaak van gemeentes Ruskoppies en Joachim Prinsloo. Hy het verhuis na Iowa in die VSA, waar hy op 24 Maart as predikant in die Reformed Church of America bevestig is.

- **Gemeente Bronkhorstspruit** vier op **Saterdag 6** (basaar) **en Sondag 7 April** (erediens) hul **150ste bestaansjaar.** Alle oudlidmate, vriende en belangstellendes word hartlik uitgenooi om die besondere geleentheid mee te maak. Navrae kan gerig word aan mev Gerda Theunissen by 082 323 1193 / **nhbhs@nhk.co.za**.

- **Niks is vir God onmoontlik nie.** Die lewegewende krag van God se Woord kan nooit onderskat word nie. Dit bly ’n voorreg om deel te mag wees van die verspreiding daarvan. Hierin is die Bybelgenootskap en die Kerk, maar ook elke individu, belangrike vennote. Baie dankie dat u elkeen ’n mede-saaier is van die Woord. Die bydraemikpunt vir 2019 bly steeds op die bedrag van R55 per lidmaat. Dit is ongeveer die bedrag wat dit kos om een Bybel te subsidieer. Gemeentelike kassiere word versoek om bydraes direk aan die BSA oor te betaal. Die bankbesonderhede is: Bybelgenootskap van Suid-Afrika, Rekeningnommer 260 220 748, ABSA (takkode 632005). Gebruik asb die donateurnommers wat deur die BSA toegeken is as verwysing wanneer oorbetalings gedoen word.Dit verskyn op die finansiële kwartaalstate wat hierdie week aan gemeentes gestuur word, of vra dit aan van **malan@biblesociety.co.za**.

- Daar is ’n **halfdagpos vir ’n Sekretariële Beampte** beskikbaar vanaf 1 Mei 2019 by **Gemeente Alberton**. Die kandidaat moet oor goeie finansiële en administratiewe kundigheid beskik en moet verder rekenaarvaardig wees, onafhanklik kan werk en eie vervoer hê. Kennis van MS Office en Q-Books sal ’n sterk aanbeveling wees. Kontak Johan Pieterse by 082 804 3016 of e-pos CV na **stompie.pieterse@gmail.com voor of op 5 April 2019**.

Derdepoort

- **Gemeente Derdepoort in Pretoria** het ’n **werkruimte vir deeltydse bediening** beskikbaar **vanaf 1 Junie 2019**. Vergoeding sal met die suksesvolle aansoeker onderhandel word. Behuising word nie voorsien nie. Die lidmaattal is tans 249 (202 belydend) en die gemeente is hoofsaaklik in ’n stadsgebied geleë. Die ampswerk en verpligtinge sal met die suksesvolle kandidaat onderhandel word. Aansoeke met volledige CV’s kan deur belangstellende gelegitimeerde predikante en proponente van die NHKA gestuur word aan oudl SG Booysen by **sarelbooysen@gmail.com**. Die kerkraad behou die reg om ook kandidate wat nie aansoek doen nie, te oorweeg, asook om die vakante werkruimte te vul wanneer dit vir die gemeente geleë is. Belangstellende aansoekers is intussen welkom om **preekbeurte** in die gemeente te behartig. Skakel 012 325 1857 of 061 604 1211, Nikki van Deventer. **Die sluitingsdatum vir aansoeke is 30 April 2019.**

Joachim Prinsloo se huidige kerkgebou

- By die kennisgewing van die vakante werkruimte by gemeentes Joachim Prinsloo en Ruskoppies is verlede week ’n foto geplaas van **Joachim Prinsloo** se ou kerkgebou. Die gemeente het in 2016 ’n nuwe kerkgebou opgerig. Ons plaas graag ’n foto daarvan.

Vergaderings

- Donderdag 4 April: Redaksie van *Die Hervormer*
- Dinsdag 9 April: Bestuurskomitee
- Vrydag 12 April: Moderamen

Toerusting

- **Stasies van die Kruis: Word stil op die Lydenspad**
  7-19 April: Elke aand 18:00-20:00
  Kom, word stil en ervaar die stadiums van die Lydenstydperk
  Soos vertel deur Johannes
  Uitgebeeld met kuns en musiek
  Gemeente Montana
  Jan Bantjiesstraat 350, Montana
  Navrae: 012 567 1753
  www.nhkmontana.co.za
  Facebook: @nhkmontana

- **Stasies van die Kruis: ’n Pelgrimstog in ons eie leefwêreld**
  15-21 April
  Beleef die krag van die Pase
  Gemeente Sasolburg-Suid
  Groblerstraat 19, Sasolburg (langs Coney Island)
  Toegang gratis
  Maandag 15de: 09:00-11:30 en 15:30-17:30
  Dinsdag 16de: 14:30-17:30
  Woensdag 17de: 09:00-11:30 en 15:30-17:30
  Donderdag 18de: 14:30-17:00
  Vrydag 19de: 10:00-13:00
  Saterdag 20ste: 10:00-12:00
  Sondag 21ste: 10:00-12:00
  Navrae: **lisamari.swanepoel@gmail.com**

- **Die VTT- en VTK-byeenkomste vir 2019 vind soos volg plaas:**

Streek	**Ringe**	**Datum VTK**	**Datum VTT**	**Aanbieder**
Gauteng Pretoria	Pretoria, Noordelike Pretoria, Pretoria-Wes, Pretoria-Noord, Krokodilrivier	25 Mei	28-29 Mei	Dr André Ungerer
Gauteng Johannesburg	Johannesburg, Brakpan, Germiston, Zuurfontein, Krugersdorp, Roodepoort, Vereeniging, Losberg	8 Junie	4-5 Junie	Dr Christo van der Merwe
Oos-Kaap	Oos-Kaapland	27 Julie	27 Julie	Dr Frikkie Labuschagne
Natal	Pietermaritzburg, Noordelike Natal	27 Julie	27 Julie	Dr Christo van der Merwe
Limpopo	Waterberg, Zoutpansberg, Potgietersrus, Laeveld	27 Julie	27 Julie	Dr André Ungerer
Mpumalanga	Lydenburg, Middelburg, Heidelberg, Chrissiesmeer, Bronkhorstspruit, Trichardtsfontein	17 Augustus	20-21 Augustus	Dr Christo van der Merwe
Noordwes	Potchefstroom, Klerksdorp, Maquassie, Rustenburg, Zeerust	24 Augustus	27-28 Augustus	Dr Christo van der Merwe
Kaap	Wes-Kaapland en Swellendam	7 September	10-11 September	Dr Frikkie Labuschagne
Vrystaat	Bloemfontein, Noord-Kaapland, Heilbron, Bothaville	10 Augustus	10 Augustus	Dr André Ungerer
Namibië	Dorsland	Sal aangekondig word	2-5 Desember	Dr André Ungerer

’n Gedig

Middernag

Gooi oop die voordeur, wag gespanne, want
nou sal die stille engel binnekom:
hy sal sy lippe natmaak aan die rand
van die wynkelk wat ootmoedig wag op hom.

Voel jy die eeue wegvloei tot jy weer
te midde van die ongesuurde brood
en donkervonkelende wyn kan keer
tot daardie eerste redding uit die nood?

Soos ’n kind verskuil lê in die moederskoot,
heimlik behoed en liefderyk omring,
rus ons in die onuitroeilikheid van God
waar alle poorte dig is teen die dood.

Dit is die boodskap wat die engel bring
met middernag ... Stoot sag die deur op slot.

Olga Kirsch
(Uit: *Mure van die hart*, 1948)

Barmhartigheid

- **NHKA Diakonaat se *Ubi caritas*-simposium 2019**
  Dinsdag 30 April – Donderdag 2 Mei
  Christelike barmhartigheid in die Suid-Afrikaanse konteks
  By Gemeente Wonderboom
  Navrae: Sonet Esterhuizen 012 322 8885 x3109
  sonet@plesion.org.za

- **Woonstel en kamers vir selfversorgende bejaardes** beskikbaar by **Machteld Postmus, Mackenziestraat, Brooklyn.** Johannes Postmus het tans ’n lieflike eenslaapkamerwoonstel beskikbaar om te huur teen R5 520 per maand, wat water insluit (elektrisiteit uitgesluit). Riekie Boshoff het tans 2 enkelkamers beskikbaar met gedeelde geriewe vir slegs R2 290 (sluit water en elektrisiteit in). Die kompleks beskik oor sekuriteit, en ondersteunende dienste en gereelde aktiwiteite word aangebied. Vir meer besonderhede, kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857 x202.

- **Annie Schilz in Riviera, Pretoria,** is ’n woonstelblok vir afgetrede persone. Hierdie kompleks is geleë op die gronde van die versorgingsoord Ons Tuis Riviera en die Seniorstuis-dienssentrum, waar verskeie sosiale programme aangebied word. Daar is tans **drie huurwoonsteleenhede** beskikbaar teen R3 485 per maand (krag uitgesluit). Kontak mev Ilse Malan by 012 329 3707 vir meer inligting.

- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het tans plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes. ’n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24 uur versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Vir meer besonderhede, skakel matrone T Broodryk by 056 811 2185.

- Daar is tans plek vir bejaardes beskikbaar in **Piet Potgieter te Potgietersrus (Mokopane)**. Die **tweeslaapkamer-woonregeenheid** is geleë in hierdie rustige omgewing, en verskeie dienste word op die perseel aangebied. Die eenheid is te koop teen R592 120 (aanvanklike deposito van R10 000 en R582 120). Kontak mev Mariana van Tonder by 015 491 6314.

- **Seniordal-aftreeoord (blok woonstelle)**
  Lewensreg te koop
  2-slaapkamer @ R560 000
  1½-slaapkamer @ R520 000
  1-slaapkamer @ R515 000
  Groot tuine om in te ontspan
  Geen versorging
  Daar is nou ook huureenhede beskikbaar
  Skakel Ansie Lombard (bestuurder)
  012 329 4318 / 084 920 8723

Allegaartjie

Niemand kan iemand anders oorreed om te verander nie. Elkeen van ons bewaak 'n poort van verandering wat net van die binnekant af oopgemaak kan word. (Virginia Satir)

Kerklike publikasies
Fondsinsamelings

- **Gemeente Waterval Boven: Karp-hengelkompetisie**
  Saterdag 6 April
  By Milly's se dam, naby Machadodorp
  Inskrywings R250
  Wen R5 000 met die swaarste vis vir die dag
  Navrae: Anita Booyse by **anitabooyse@gmail.com**

- **Noordwestelike Pretoria: Warmhartigheidsgholfdag**
  Woensdag 10 April by Zwartkop-gholfbaan
  R1 960 per 4-bal of R490 per speler
  Navrae en inskrywings Johanna 082 928 5592
  Stephen 074 658 4630
  James 083 679 6633

Basaars en markte

- **Gemeente Suidoos-Witbank: Geskenkemark**
  Woensdag 24 April tot Saterdag 4 Mei
  Weekdae 09:00- 19:00; Saterdag 27 April 09:00-15:OO
  Gesluit Sondag 28 April; Saterdag 4 Mei 09:00-14:00
  hv Hans Strydom- en Theunis Jansonstraat, Witbank

Facebook: *Geskenkemark*
Navrae aan Annelien Hartman by 082 512 9849

Betaalde advertensies in hierdie nuusbrief

Advertensies waarvan ’n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin ’n gemeente ’n projek prominent wil bekendstel, kan in hierdie nuusbrief geplaas word. *(Tekskennisgewings van gemeentes is gratis.)* Indien ’n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, **moet dit 15,5 cm breed x 6,5 cm hoog wees, resolusie 1878 x 815 pixels, 150-300 dpi.**

Stuur die voorgestelde **teks van nie meer nie as 75 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of ’n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per faks na 086 633 4059, of per e-pos na **produksie@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie.

Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. *blitspos* word normaalweg Woensdae saamgestel en verskyn dan die Donderdag. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings.

Die koste is R250 per plasing (BTW ingesluit). (Let asseblief op die nuwe koste.) Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om ’n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**

Gebed vir die week

Here, U sien dwarsdeur my, U ken my.
U omsluit my van alle kante, U neem my in besit.
Dié wete oorweldig my, dit is te hoog vir my begrip.

U het my gevorm, my aanmekaargeweef
in die skoot van my moeder.
Ek wil U loof,
want U het my op ’n wonderbaarlike wyse geskep.
Wat U gedoen het, vervul my met verwondering.
Dit weet ek seker: geen been van my was vir U verborge
toe ek gevorm is waar niemand dit kon sien nie,
toe ek aanmekaargeweef is diep in die moederskoot.
U het my al gesien toe ek nog ongebore was,
al my lewensdae was in u boek opgeskrywe
nog voordat ek gebore is.
Hoe wonderlik is u gedagtes vir my, o God,
hoe magtig hulle almal!

Uit: Psalm 139

Redakteur: Ds Willem Sauer
Subredakteurs: Ds Etienne Fourie en dr Johan van Staden
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mnr Hugo van Niekerk